

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Saamgestel deur: Dr Ernst Endres

19 April 2020

TOETREDELIED

Wees stil want die Heilige is hier,
In ons teenwoordigheid.
Kom buig nou voor Hom neer,
Met eerbied en ontsag.
Erken Sy heiligheid en Sy geregtigheid
Wees stil want die Heilige is hier
In ons teenwoordigheid

VOTUM

EK KYK OP NA DIE BERGE:

Waarvandaan sal daar vir my hulp kom?

²My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

³Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;

Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.

⁴Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie.

⁵Die Here beskerm jou,

die Here bewaar jou van alle gevare.

⁶Bedags sal die son jou nie steek nie

en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.

⁷Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,

jou lewe sal Hy beskerm.

⁸Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,

nou en vir altyd.



SEËNGROET

Aan die gemeente van God in Wonderpark
en aan almal wat aan Hom behoort:

*“Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en
die Here Jesus Christus”.*

LOFLIED

Loof die Here God en prys Sy heil’ge Naam
Loof die Heer God- Hy red my van die dood
Loof die Heer God en prys sy majesteit
Hom kom toe die eer en lof in ewigheid...
En lof in ewigheid

VOORBIDDING

Julle kry as gesin die geleentheid om ’n voorbiddingslys saam te stel. Ons bid nog
steeds vir Hannes Pieters en Frik du Preez (bloedklonte in sy longe)

SKRIFLESING Psalm 57, 142 en 143

TEMA Laat “lockdown”vir jou werk. (Dawid se grotervaring)

Tyd vir afsondering met God

Ons bevind ons tans in die periode van afsondering. Mense is tot hulle huise beperk en jy mag net noodsaaklikhede koop. Niemand kan met sekerheid sê hoe lank dit gaan duur nie. Vir die eerste paar dae kon ’n mens nog uithou, maar hoe langer die weke word, hoe moeiliker word die periode van afsondering.

Dawid was ook in ’n periode van afsondering toe hy vir Saul gevlug het en in die grot van Adullam moes wegkruip. Hy beskryf sy ervarings van hierdie periode in drie Psalms. Ons gesels vanoggend oor *hoe* Dawid sy periode van afsondering beleef het en hoe hy dit in ’n positiewe ervaring omskep het.



Dawid was die lieflingseun van Israel.

Ons ken almal die verhaal van die aantreklike tiener skaap-wagter wat as koning deur Samuel gesalf is. Ons is ook bekend met sy suksesse in die daaropvolgende jare:

Hy maak die reus Goliat dood;

Saul het sy dogter, Merab, vir hom as vrou gegee;

Jonatan het baie geheg aan Dawid geraak en hulle word beste vriende. Hy sluit 'n ooreenkoms met Dawid en gee vir hom sy mantel, sy uitrusting, sy swaard, sy boog en sy gordel;

Hy word die wapendraer van die koning;

Hy was gewild onder die weermag en Saul se amptenare;

Oral het die mense oor Dawid begin praat;

In die veldslae teen die Filistyne behaal hy een oorwinning na die ander. Na elke suksesvolle veldslag het die vroue hulle tegemoet gedans, op tamboeryne en musiekinstrumente gespeel en gesing,

“Saul het sy duisende verslaan,

maar Dawid sy tienduisende!” (1 Samuel 18:7)

Die lieflingseun vlug vir sy lewe

Dan begin die situasie verander. Saul het op Dawid jaloers geword en het by verskeie geleenthede probeer om hom dood te maak. Mikal het besef dat Dawid se lewe in gevaar is en moedig hom aan om te vlug. (1 Sam 19:9) Dawid het hom soos 'n mal mens vermom en na die Filistyn, Akis, toe gevlug. Toe die Filistyne agterkom dat hierdie imbisiel eintlik Dawid was, moes hy weer vlug. Hy vlug na die priesters in Nod, maar daarvandaan moes hy weer vlug. Dawid het 'n voortvlugtige geword en was nêrens meer veilig nie. Die enigste veilige plek waarheen hy kon vlug was die Adullam grotte. (1 Sam 21:10)

Die Adullamgrotte sou die plek van afsondering vir Dawid word. Hoe lank hierdie periode sou duur, het Dawid nie geweet nie. Hy sou vir 'n onbepaalde tydperk in hierdie grotte moes deurbring totdat die gevaar verby was. Dawid beskryf



sy ervarings van die tydperk in drie Psalms: 57, 142 en 143. Hierdie liedere is gesing op die wysie van “Moet dit nie breek nie”.

Wat gebeur alles in die tydperk van afsondering?

Mense beleef tydperke van afsondering op verskillende maniere. Ons beleef op die oomblik ook 'n periode van afsondering. Sommige mense probeer om van die huis af te werk. Ander dink kreatiewe maniere uit om besig te bly. Ander is vasgevang met klein kindertjies wat hulle moet besig hou. In ander se huise is daar eenvoudig chaos! Kom ons kyk wat Dawid alles in die tydperk van afsondering beleef het.

1. Aanvanklik het 'n gevoel van moedeloosheid en teneergedruktheid van Dawid besit geneem. (Ps142: 2-5 en 143:3,4)

Dawid het nie eers die moed gehad om Saul by sy naam te noem nie. Hy verwys na hom as 'n vyand wat hom agtervolg en hom dood wil maak. Hy sê dat hierdie vyand hom in die grond wil trap en hom gevange in die donker hou. Hy voel soos iemand wat al lankal dood is en dat daar geen uitkoms is nie. Hy beleef homself soos 'n gevange in die diep, donker grotte van Adullam.

Onder hierdie omstandighede verloor hy moed en is hy totaal verslae. Hy kla dat God weet wat hy moet deurmaak en die pad wat hy nou in die tydperk van afsondering moet loop. Hy verwyt God omdat Hy bewus is van allerhande strikke wat vir hom gestel word. Hy is 'n gevangene in sy omstandighede. Hy soek hulp, maar niemand wil help nie. Kanse vir uitkoms is skraal en die ergste van alles, is dat niemand vir hom omgee nie. Dawid deel sy emosies van moedeloosheid en teneergedruktheid:

Ek het alle moed verloor, U weet wat ek moes deurmaak.

Op die pad waar ek loop, het hulle vir my 'n strik gestel.

⁵Ek soek hulp, maar niemand wil help nie, daar is vir my geen vlugkans nie en niemand gee vir my om nie. (Psalm 142:4,5)

Gedurende die Corona-pandemie bevind ons onself ook in die grot, die “lockdown”. Nie almal van ons hanteer dit op dieselfde wyse nie. Sommige lees boeke, ander doen verskillende oefeninge. Ander verval in 'n laag eensaamheid en moedeloosheid. Dawid beleef sy grot-ervaring as 'n tronk en 'n diep gat waarin hy begrawe word.



2. 'n Gevoel van desperaatheid kry die oorhand oor Dawid (143:6,7)

Toe Goliat die verskrikte weermag van Israel uitgedaag het, het die jeugdige Dawid onverskrokke gesê dat hulle nie moedeloos moet word nie. (1 Sam 17:32) Toe hy voor die reus gestaan het, het hy met dapperheid sy oorwinning oor die reus geproklameer: "God sal jou vandag in my hande oorgee"! Wanneer hy egter voor Saul staan, verkrummel hy. Vir ander het hy gesê dat hulle nie moedeloos moet word nie, maar in 'n oomblik van weerloosheid gee die krag Dawid in. 'n Gevoel van desperaatheid het besit van Dawid geneem. Hy sê dat hy voor God soos 'n stuk uitgedorde land is. Hierdie selfversekerde jong man het in 'n diep, donker gat van desperaatheid weggesink. Dawid is nie meer so selfversekerd nie.

Afhanklik van God

In die tydperk van afsondering het Dawid egter geleer dat hy totaal van God afhanklik is. In sy desperaatheid moes hy leer om in afhanklikheid sy hande na God uit te strek. Daar is niks meer oor nie. Hy is soos 'n uitgedorde land. Wanneer hy met God praat, kom 'n stukkie desperate ongeduld na vore. Hy smeek dat God hom gou moet antwoord, want hy is heeltemaal gedaan. Sy noodkreet word meer intens as hy smeek dat God nie moet wegkyk in sy nood nie, want hy is reeds soos iemand wat besig is om dood te gaan,

'n Vyand vervolg my, hy trap my in die grond,

hy hou my gevange in die donker.

Ek is soos iemand wat lankal dood is.

Ek het alle moed verloor, ek is verslae.

⁶Ek strek my hande uit in gebed na U toe,

ek is voor U soos 'n uitgedorde land. **Sela**

Antwoord my tog gou, Here,

ek is heeltemal gedaan.

Moet tog nie van my af wegkyk

dat ek word soos dié wat sterwe nie. (Psalm 143:3,4; 6,7)

Dis in die afsonderingstydperk dat mense weereens hulle totale afhanklikheid van God besef, en dat mense soms desperaat raak. Jy besef hoe nietig die lewe is en hoe afhanklik ons van God is. Dis ook wat ons in hierdié tyd besef. Skielik is daar niks. En die ergste is, dat jy niks daaraan kan doen nie, behalwe om in



naakte geloof jou afhanklikheid van God te besef en te bely. Hoor wat sê Dawid in hierdie periode, "I am at the end of my rope" (The Message). Ek is aan die einde, ek kan nie meer nie. Die vlam van hoop brand nie meer nie. Dis waar God ons wil hê, sodat ons kan besef hoe afhanklikheid ons van Hom is. Ons lees in Mattheus 5:3

Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is,
Want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

3. Dawid begin om hom besig te hou met die aangename herinneringe van die verlede.

In die tydperk van afsondering is daar genoeg tyd om stil te word en te dink. In afsondering het Dawid aan die aangename tye van die verlede begin nadink en oor alles wat God in sy kort lewe al vir hom gedoen het. In sy terugflitse het hy begin besef dat God se hand soos 'n goue lyn deur sy lewe loop. Dit is vanuit hierdie terugflitse dat sy toekomstige krag en hoop sou kom. Hy het besef dat, soos God in die verlede voorsien het, Hy ook in die toekoms sal voorsien. Die God van die verlede, is ook die God van die hede waar hy nou in afsondering sit en is ook die God van sy nuwe toekoms. Soms het ons stilte nodig om die handewerk van God in ons lewens te sien. Soos Dawid begin nadink het, het die lysie al hoe langer geword,

Hy beleef weer hoe God hom krag gegee het, om sy pa se skape teen leeus, bere en wolwe te beskerm;

Hy onthou die geskokte uitdrukkings in sy broers se oë, toe hy deur Samuel bo hulle as toekomstige koning gesalf is;

Hy beleef die geveg teen Goliat oor en oor in sy gedagtes en hy beleef van vooraf hoe God hom die krag gegee het om die reus te verslaan;

Hy herbeleef die veldslae teen die Filistyne en besef dat hy meermale in doodsgevaar was en hoe God hom elke keer beskerm het;

Koue rillings gaan deur hom wanneer hy Saul se wrede gesigsuitdrukkings onthou en in sy gedagtes sien hy weer die spies wat op hom afgevlieg kom;



'n Warm gevoel gaan deur hom toe hy aan Jonatan, sy beste vriend, dink en dié dag toe hulle 'n verbond gesluit het om hulle vriendskap vir ewig te verseël;

Skielik is die beeldskone Mikal in sy gedagtes en die jong man met rooi gelaatstrekke bloos. Is sy al getroud wonder hy? Is sy bereid om vir hom te wag?

En toe bars hy uit van die lag toe hy in sy geestesoog weer die dansende vroue sien, begelei met die mooiste musiek, en hy hoor weer hulle lied,

“Saul het sy duisende verslaan,
maar Dawid sy tienduisende!”

Vir kort rukkies was Dawid in 'n ander wêreld gewees, die wêreld van die aangename herinneringe van die verlede. In die periode van afsondering was God besig gewees om Dawid te herinner aan al die mooi dinge wat in sy verlede al gebeur het. Uit hierdie positiewe terugflitse kon Dawid sy toekomstige geloof, vertrouwe, krag, inspirasie en hoop put, en kon hy onder moeilike omstandighede koning van Israel wees. In Psalm 143:5 skryf Dawid:

Ek dink (*remember past experiences*) aan die verre verlede,
ek peins (*I will meditate on all thy works*) oor alles wat U gedoen het
en oor die werk van u hande dink ek na.

Jou geheue

Ek wil 'n enkele opmerking oor die geheue van die mens maak. In die geheue, wat in jou brein gesetel is, word verskillende ervarings en gebeurtenisse wat in die verlede met jou gebeur het, permanent gestoor. Jy vorm 'n prentjie van die gebeure in jou geestesoog en jy kan dit dan later weer oproep. Wanneer jy hierdie gebeurtenis in jou geestesoog oproep, beleef jy weer die spesifieke ervaring. 'n Mens is meer geneig om positiewe ervarings te stoor en negatiewe ervarings uit te blok (te vergeet). Dit wat in jou geheue gestoor word en in jou geestesoog gevorm word, het 'n bepaalde invloed op jou hede en hoe jy die toekoms sien. In hierdie periode was God besig gewees om Dawid aan die mooi dinge van die verlede te herinner!



'n Mens kan die periode van "lockdown" omwens, of jy kan dit vrugbaar gebruik om jou geheue met aangename herinneringe van die verlede vol te maak. Neem pen en papier en begin om al die mooi dinge van die verlede neer te skryf. Onthou, soos God in jou verlede gewerk het, gaan Hy ook in die toekoms werk. Jy was al meermale in die moeilikheid, en tog leef jy nog steeds om jou storie te vertel.

Dit is nie nou die tyd om moedeloos te word, of in desperaatheid te verval nie. Gebruik hierdie tyd van afsondering vrugbaar om jou geheue te vul. Daar wag 'n ander toekoms op jou waar jy waarskynlik min tyd gaan kry om stil te sit. Soos God in die verlede getrou was, sal Hy ook in die toekoms getrou wees. Ons lees in Hebr 13:8:

Jesus Christus is gister
en vandag dieselfde
en tot in ewigheid

4. Sy geheue gevul met positiewe gedagtes, word nuwe hoop, inspirasie en drome gebore. (143:8)

Twee opponerende kragte

Daar is twee kragte in 'n mens wat in konflik met mekaar is. Die een is die positiewe krag van aangename herinneringe en die ander is die negatiewe krag van moedeloosheid en desperaatheid. Die gevoel van desperaatheid en moedeloosheid trek ons terug, terwyl die krag van aangename herinneringe ons vorentoe trek. Van dié twee opponerende kragte, is die krag van aangename herinneringe sterker as die gevoel van moedeloosheid en desperaatheid. Aangename herinneringe skep altyd 'n lewende hoop en 'n positiewe verwagting en trek ons met nuwe energie en entoesiame die toekoms in. Gevul met 'n positiewe verwagting van die toekoms, begin Dawid weer om te droom oor die toekoms. Hy het weer positief oor die toekoms begin voel en skielik was daar weer nuwe energie en nuwe lus vir elke dag!

Die vlam van hoop begin weer brand

In die begin van Dawid se afsondering het hy na homself as 'n dooie verwys en dat sy dae nutteloos en doelloos verby gaan. Nadat hy oor die aangename dinge van die verlede nagedink het, begin die gebede van Dawid te verander. Eers het hy moedeloos en desperaat gesmeek dat God vinnig moet ingryp, dat niemand vir hom



omgee en dat hy soos 'n dooie is. Nou verander sy gebede. Hy vra dat God hom elke more vroeg moet wakker maak sodat hy opnuut Sy liefde kan ondervind. Elke more het 'n nuwe, vars dag geword waarna hy begin uitsien het. Vandag gaan hy op 'n wonderbaarlike wyse God se liefde ondervind. Hy begin weer sy vertroue in God te stel en vra dat God hom moet wys hoe hy elke dag in afsondering vrugbaar moet deurbring. Die trekkrag van aangename herinneringe het die stryd teen moedeloosheid en desperaatheid gewen. Die vlam van hoop het weer begin brand.

Dawid skryf:

Laat my elke môre u liefde ondervind,
want in u stel ek my vertroue.
Wys my die pad wat ek moet loop,
want my **hoop** is op U gevestig. (Psalm 143:8)

Die vlam van entoesiasme brand weer

Dawid moes op 'n stadium sy musiekinstrumente weggebêre het. Die lus vir sing het nie bestaan nie. Maar die vlam van hoop het weer begin brand en die lied was terug in die hart van Dawid. Hy wou weer begin sing. Hy kon nie wag om elke oggend vroeg op te staan nie. Hy wou die rooidag met harp en lier wakker maak. Hy was nog in die plek van afsondering, maar het weer oor die toekoms begin droom. Hy wou die volke van God se groot dade vertel en onder die nasies wou hy sing oor die grootheid van God:

Ek voel weer veilig, o God!
Ek voel weer veilig!
Ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing.
Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier
wil ek die rooidag wakker maak!
Onder die volke wil ek U loof, Here,
onder die nasies u lof besing (Psalm 57:8-10)

5. Die tydperk van afsondering het tot geestelike verdieping gelei.

In afsondering het Dawid oor God begin nadink en het belangrike fasette van God begin vorm aanneem. Hy het oor die liefde, genade en lojaliteit van God begin nadink asook Sy almag en grootheid!



God se liefde is onvoorwaardelik

Dawid het begin besef dat God 'n God van genade en lojale liefde is. Baie mense glo nog steeds in die God van vergelding:

As ons reg lewe,
word ons deur God beloon en
as ons verkeerd doen,
straf God ons.

Vandag noem ons dit die “Teologie van voorspoed”, wat deur baie gelowiges aangehang word. God is 'n God van liefde en uit sy liefde word sy genade en lojaliteit vir ons gebore. Dawid het nie in die grot beland omdat God vir hom kwaad is of omdat hy iets verkeerd gedoen het nie. Dawid het in die grot beland omdat Saul op hom jaloers geword het en hom wou dood maak. Langs die pad sien ons klein tekens van God se genade en ingryping. Saul gooi 'n spies na hom, maar hy mis. In die geheim beplan hy die dood van Dawid, maar Jonatan en Mikal waarsku hom. Terwyl hy vlug word hy deur die priesters van Nod versorg. Dawid besef dat God se genade en liefde die hele tyd met hom was. In die plek van afsondering kon hy God vir sy omstandighede begin verwyte, maar hy doen dit nie. In elke fase van Dawid se lewe was God volkome in beheer en Dawid moes dit leer en besef!

Diepere insig in God se genade

Dawid beroep hom twee keer op die *genade* van God. Hy sê dat hy by God skuiling soek. Voorheen het hy by Akis skuiling gesoek en daarna by die priesters van Nod. Maar dit het nie gewerk nie. Elke keer moes hy weer vlug. Nou skryf Dawid dat hy in die skaduwee van God se vlerke skuil totdat die gevaar verby is.

God, die Allerhoogste, het alles onder beheer

By verskeie geleenthede verwys Dawid na God as die Allerhoogste. God, die *Allerhoogste*, is in beheer van die skepping en instandhouding van die heelal asook die lotsbestemming van mense. Dawid weet dat dieselfde God wat alles geskep het en daaglik instandhou, ook beheer oor sy lotsbestemming het. Hy pleit dat God hom moet help in sy stryd teen sy vyand. Hy leef met 'n vaste, innerlike oortuiging dat God hom uit die hemel sal antwoord en hom sal red,



Ek roep na God, die Allerhoogste,
na God wat my **sal** help.
Hy **sal** uit die hemel antwoord en my red,
Hy **sal** dié wat my jaag, die stryd laat verloor. Sela
God **sal** antwoord in sy liefde en trou. (Psalm 57:3,4)

Die dade van God is groter as ons gedagtes

In hierdie tyd word Dawid ook bewus van die *grootheid* van God. Hy verwys na God wat hoog bo in die hemel is en dat sy mag hoog bo die aarde strek. Hy verwys na diegene wat 'n strik vir hom probeer span het, maar self daarin geval het. Hy jubel wanneer hy sê dat hy weer veilig voel. Dawid bevraagteken nie God se motiewe of verwynt Hom vir sy omstandighede nie, maar vind sy berusting in die grootheid van God.

Innerlike berusting

Dawid het 'n permanente, innerlike vrede en vertroue in God gevind. God wat Almagtig is, is ook die God van genade en liefde. Hy het besef dat daar geen grense aan God se *liefde* is nie. God se liefde is so hoog soos die hemel. Hy het ook 'n diepere insig in *die getrouheid* van God verkry. God se trou reik tot in die wolke. Dawid het besef dat God, nie net in beheer van elke onbenullige aspek van sy lewe is nie, maar ook in die groot dinge. Sy begrip van die **omvang** van God se grootheid het totaal verander:

U liefde reik tot in die hemel,
u trou tot in die wolke!
Toon u grootheid, o God,
hoog bo die hemel,
hoog bo die aarde u mag. (Psalm 57:11,12)

Die tydperk van afsondering was net 'n fase in Dawid se lewe. Daar het baie mooi dinge in Dawid se lewe in die tydperk plaasgevind. Hierna sou 'n ander lewe op hom wag. Sy tydperk van afsondering het hom gereed gemaak om koning oor Israel te word. 'n Paar hoofstukke later, na Saul se dood, het die volk by Hebron vergader en Dawid tot koning gesalf. Hy was 30 jaar oud toe hy koning geword het en sou vir 40 jaar heers. Dawid was 'n mens so na God se hart en in die geskiedenis van die



Joodse volk het hy die grootste koning van alle tye geword. Later sou die Messias uit sy nageslag gebore word. Sy tydperk van afsondering was kosbare vormingstyd in sy lewe gewees.

Samevattend.

Ek besef dat die periode van die corona-pandemie en “lockdown” unieke uitdagings inhou. Sommige het reeds hulle werk verloor. Ander gaan nie meer ’n volle salaris ontvang nie. Rekeninge moet betaal word. Pensioene is aan die krimp. Dawid het homself ook in ’n periode van “lockdown” bevind. Hy is deur al die emosies wat ’n mens in so ’n periode beleef. Maar daar was ’n draaipunt: sy geheue - toe hy oor die verlede begin nadink het en net die mooiste dinge onthou het. Dawid het aanvanklik geglo dat die “grot” die einde van sy lewe is. Toe hy egter op God en Sy werke in sy verlede begin fokus het, is nuwe energie vrygestel.

1. Verander jou fokus. Neem beheer oor jou gedagtes en die dinge waarop jy fokus.

- Toe Dawid op Saul en sy omstandighede in die Adullam grotte gefokus het, het hy moedeloos en desperaat geword en geglo dat hy nie meer ’n toekoms het nie. Toe hy op die aangename gebeurtenisse van die verlede begin fokus het, het hy weer lig en ’n nuwe toekoms gesien. As jy in hierdie tyd op al die negatiewe dinge bly fokus, gaan jy moedeloos en desperaat bly.
- Neem pen en papier en maak ’n paar aantekeninge oor die mooi dinge wat in die verlede met jou gebeur het en waar die hand van God sigbaar was.

2. Fokus op die toekoms. Begin om te beplan.

- Die corona-pandemie is nie die einde van alles, soos sommige beweer nie, maar die begin van ’n nuwe lewenswyse. Begin om te droom en planne te maak vir die periode na die corona-pandemie. Kry vir jou ’n nuwe toekomsdroom vir die periode na die corona-pandemie
- Gebruik jou kreatiwiteit om nuwe dinge uit te dink en begin om nuwe planne te maak. Deel dit met ander wat in jou entoesiasme deel.
- Kyk oor watter vaardighede jy beskik om jou droom ’n werklikheid te maak? Gebruik hierdie tyd om nuwe vaardighede aan te leer. As jy nie weet “hoe” nie, vra ander om jou te help.
- Hoe vroeër jy begin, hoe vinniger is jy gereed vir die nuwe periode!



3. Nadenke oor God

- Dawid het die tyd gebruik om oor sy verhouding met God na te dink. In dié tydperk is belangrike geestelike konsepte gevorm. Hy het 'n diepere en meer praktiese insig oor die genade, liefde en lojaliteit van God begin kry, asook Sy almag en grootheid. Dit is onder die skuiling van die vlerk van hierdié God dat Dawid sy nuwe toekoms in is. Gebruik die tyd van afsondering vrugbaar. Jy weet nie wat God vir jou in die toekoms ingedagte het nie, maar Hy weet!

DANKOFFER

U kry die geleentheid vir u dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.

Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005

Verwysing: Dankoffer.

SLOTIED

Strome van seën van Bowe

Dit het die liefde beloop

Heerlike tyd van verkwikking

Vloei uit ons Heiland en Hoof

KOOR

Strome van seën

Gee van U volheid ons weer.

Reeds val die druppels gedurig

Skenk ons die strome o Heer

Strome van seën van Bowe

Daal met verrissing tans neer,

Skenk uit U hemelse volheid.

Skenk ons 'n oorvloed o Heer!



SEËNBEDE

¹⁶Daardie dag sal daar vir Jerusalem gesê word:

*Moenie bang wees nie, Sion,
moenie jou hande moedeloos laat hang nie!*

¹⁷Die Here jou God is by jou,

Hy, die krygsman wat red.

Hy is vol vreugde oor jou,

Hy is stil-tevrede in sy liefde.

Hy jubel en juig oor jou:

¹⁸Ek maak dié bymekaar wat treur!

(Sefanja 3:1,17)

